# Laerskool Eligwa

14 Augustus 2025

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 10 VAN 2025

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

1. **FINANSIëLE STATE**
   Laerskool Eligwa kry jaarliks 'n skoon oudit vanaf die ouditeure waarop ons baie trots is. Die state is by die skool beskikbaar om te besigtig.

2. **AANLYN INSKRYWINGS VIR GRAAD GR.1- LEERLINGE (2026)**
   Die aanlyn inskrywings vir Gr.1- leerlinge vir 2026 het reeds geopen op Donderdag 24 Julie 2025 en sluit Vrydag, 29 Augustus 2025. Die volgende is baie belangrik:
   2.1 U **MOET** aanlyn registreer by www.gdeadmissions.gov.za . U sal dadelik 'n waglysnommer per sms ontvang wat u onmiddellik na Mev. Swart in die kantoor moet deurgee.
   2.2 U kind word geplaas volgens **registrasiedatum** en **tyd**. U moet dus die oggend wat die registrasies open, onmiddellik registreer om u plek te verseker.
   2.4 Al is u kind in Graad R by Laerskool Eligwa, en u het reeds 'n papieraansoekvorm ingedien, **MOET U HOM / HAAR STEEDS AANLYN REGISTREER. SLEGS AANLYN REGISTRASIES WORD DEUR DIE DEPARTEMENT AANVAAR.**

3. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**
   Ons buitemuurse aktiwiteite is volstoom aan die gang. Baie dankie vir elke ouer, afrigter en deelnemer se tyd en opoffering om daarvan 'n sukses te maak. Baie geluk aan Keegan van Aswegen wat gekies is vir die 0/13-Sedibeng-krieketspan, Nathan Pienaar vir die Suid-Area-krieketspan en Kayvian Gorrie vir die Sedibeng-uitnodigings-krieketspan.
   Baie geluk ook aan Kayvian Gorrie wat 4de gekom het by die Suid-Afrikaanse Ope Skaakkampioenskappe. Ons is voorwaar trots op julle.

4. **SOMERSDRAG**
   Somersdrag kan vanaf Vrydag, 29 Augustus gedra word. Dit sluit ook Vrydagdrag in. Leerlinge wat Provinsiale kleure verwerf het in 'n bepaalde sportkode, mag ook die T-Hemp saam met die nuwe kortbroek dra. Let wel : Indien u kind nie oor 'n T-hemp beskik nie, word die gewone skooldrag op Vrydae gedra en is die dra van enige ander

informele drag nie toelaatbaar nie. Ons wil graag ‘n vriendelike beroep op u doen om asseblief u kinders netjies in skooldrag geklee skool toe te stuur. Dit bevorder goeie dissipline by die skool en skep ook ‘n eenheidsgevoel onder die leerders. Ons verskaffers van skooldrag is **Ekspaar** en **MG’s Schoolwear** in Vanderbijlpark en **White Cross** in Vereeniging.

5. **PRODUKSIE 2000**

Produksie 2000 besoek ons skool weer op Donderdag, 28 Augustus 2025 . Die tema is “KRY ‘n LEWE”–dit is vol aksie en intelligente humor. Kinders word gekonfronteer met boelies, groepsdruk en selfbeeld-uitdagings. Om te verseker dat ALMAL in die gehoor konsepte verstaan, word ouderdomsgerigte voorbeelde deurgaans gebruik.
Kostes beloop R30 per kind en u het tyd tot 27 Augustus 2025 om die betaling te doen.

6. **LENTEDAG**

Lente is in die lug en die gras en bome is besig om kleur te kry. Vir ‘n geringe bedrag van R10 gaan ons die leerlinge die geleentheid gee om Lentedag te vier. Op Vrydag, 5 September, gaan leerlinge geleentheid kry om gewone klere aan te trek. Dankie vir u ondersteuning.

7. **KOEKVERKOPING**

Die Graad 2 en Graad 3-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 5 September 2025. Baie dankie byvoorbaat vir u ondersteuning in die verband.

8. **RUGBYRAAI – GROOOOOT PRYS OP DIE SPEL**

Die Springbokke speel op Saterdag, 6 September 2025 teen die All Blacks in Auckland. Die prys sluit in akkommodasie vir 4 in die “River Resort” by die Emerald Casino, toegang tot die Aquadome vir 4 persone, toegang vir 4 persone by die dieretuin, Padel vir 4 persone vir 60 minute EN ‘n R800 koopbewys by die Graze Restaurant by die Emerald Casino. U wen dus die totale pakket vir slegs ‘n geringe bedrag van R7. Die sluitingsdatum is Vrydag, 5 September 2025 om 12:00. Die wenner sal op Maandag, 8 September 2025 bekend gemaak word. Die fondse sal aangewend word om kunsmatige gras by die Gr. R speelterrein aan te lê.

9. **ENTREPENEURSDAG**

Ons Gr.7- leerlinge hou op 29 Augustus 2025 hulle jaarlikse entrepeneursdag. Ondersteun hulle asseblief.

10. **WETENSKAPSKOU**

Ons Gr.7-leerlinge het deelgeneem aan die Departement se Wetenskapskoukompetisie. Ons is baie trots op Zoey Potgieter wat ‘n derde plek behaal het in Gauteng.

11. **BEGROTINGSVERGADERING**

Op Woensdag, 1 Oktober 2025, sal daar ‘n begrotingsvergadering ten opsigte van 2026 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 ‘n aanvang neem. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

12. **MINIHOKKIEDAG**

Op 5 September 2025 bied ons die minihokkiedag aan. Ons gaan om 13:00 sluit omrede die wedstryde om 14:00 begin. Gr. 1 tot 3-leerlinge sal om 12:45 sluit om die druk van die hekke te verlig. Dankie vir u begrip in die verband.

13. **HOPAAND**

Ons beplan 'n lekker HOPAAND vir ons kinders vir 30 September 2025. Die inligting is reeds in u kind se besit. Bestellings sluit 12 September 2025.

14. **PERSONEELKONSERT**

Ons beplan om hierdie jaar weer 'n personeelkonsert op die planke te bring. Dit vind plaas op 15 Oktober 2025 (slegs een aand) en die kaartjies beloop R50 per stoel. Kaartjies sal reeds vanaf 18 Augustus 2025 in die kantoor beskikbaar wees.

15. **ELIGWA SKAAKOPE**

Die Eligwa skaakope vind plaas op Saterdag, 20 September 2025. Enige persoon wat kan skaak speel is welkom om in te skryf.

16. **KLERE**

Ons wil 'n vriendelike dog ernstige beroep op ons ouers doen om u kinders se klere duidelik te merk. U moet ook elke aand kyk of u kind al sy/haar klere huis toe gebring het. Die klerebank het geweldig baie onopgeëiste klere. Ons gaan u geleentheid gee tot Vrydag, 22 Augustus 2025 om u kind se verlore klere by die klerebank af te haal waarna ons dit vir behoeftige kinders gaan gee. Die klerebank word bedryf deur Mev. Christelle Fourie vanaf haar woning. Indien daar enige behoefte is, kan u haar gerus kontak by 0760769294. Sy is slegs op Dinsdae en Donderdae beskikbaar tussen 18:00 – 19:00. Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en begrip in die verband.

17. **OLIMPIADES**

Ons leerlinge het deelgeneem aan die distrik se Olimpiades.
Gr. 4 – Zinsca van den Berg behaal 'n 4de plek in Wiskunde.
Gr. 4 – Esmari Théron behaal 'n 5de plek by die Spelling BEE.
Gr. 5 – Frederic Floor behaal 'n 2de plek in Wiskunde (deur na Provinsiaal)
Gr. 5 - Leané Liebenberg behaal 'n 2 de plek by die Wetenskap (deur na Provinsiaal)
Gr. 6 – Dillon Engelbrecht behaal 5de plek in Wiskunde.
Gr. 7 – Thomas Floor behaal 3de plek in Tegnologie (deur na Provinsiaal)
Ons is voorwaar trots op julle.

18. **INENTING**

Die gesondheidsdepartement besoek ons skool op Vrydag,22 Augustus 2025. Al die leerlinge van Gr. RR tot Gr. 7 sal ingeënt word vir Masels en Duitse Masels. Die toestemmingsbrief is reeds in u kind se besit en moet voor of op 21 Augustus 2025 aan die skool terugbesorg word. Dit is absoluut vrywillig en slegs ouers wat toestemming gegee het se kinders sal ingeënt word.

**19. <u>VERPLIGTE SKOOLBYWONING</u>**

Daar is ‘n tendens by sommige ouers om sonder enige geldige en skriftelike rede kinders tuis te hou. Neem asseblief kennis dat enige ouer/voog, wat sonder afdoende rede, ‘n leerder wat aan verpligte bywoning onderhewig is, daarvan weerhou om ‘n skool by te woon, skuldig is aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan ‘n boete of aan gevangenisstraf van 12 maande. Leerders raak agter met akademiese werk en assessering kan nie gedoen word nie. Dit kan dan aanleiding gee dat kinders onnodig ‘n graad moet herhaal. Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning en begrip in die verband.

Eligwa groete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**